
# 396 Op ‘n heuwel daar ver, staan ‘n ou ruwe kruis



Daardie ou ruwe kruis, deur die wêreld versmaad,
laat my treur en my Heiland bekla;
want vir my het Hy eens sy glorie verlaat,
om die kruis na die heuwel te dra.

***R.*** *Ek bemin daardie ou ruwe kruis,*
*en solank as ek hier nog moet bly,*
*klem ek vas aan die ou ruwe kruis,*
*waaraan Jesus gesterf het vir my.*

Van die ou ruwe kruis op die heuwel se kruin,
straal ‘n wonderskoon lig wat my raak;
want daarop het Gods Seun helse smarte gely,
om my heilig en salig te maak. ***R.***

Aan die ou ruwe kruis sal ek trou immer bly,
mag die wêreld my daarom verag;
want eendag roep die Heer my na daardie gewes,
waar my ewige heerlikheid wag. ***R.***

George Bennard (1873-1958) G. Bennard (1873-1958)